# HOOFSTUK I

## INLEIDING: ONDERWYS ONDER MILITêRE BEWIND

### 1. Inleiding

Wanneer die grondgebied van een volk deur 'n ander verower word, kom daar noodwendig 'n vervanging of verandering van die fundamentele stelsels waarop die verowerde volk sy staatshuishouding gebou het. Sodanige vervanging of verandering van beginsels en beleid geskied gewoonlik nie sonder stryd om die behoud van die eie deur die verowerde nie.

Die onderwysstelsel van 'n volk wat uit die volk groei, vir die volk ontwikkel word en tot die volk spreek, word deur so 'n groot verandering ten nouste geraak. In Suidwes-Afrika sou die vervanging of verandering van die Duitse onderwysstelsel met sy wortels diep in die eeue-oue Germaanse kultuur, nie sonder stryd geskied nie.

### 2. Die eerste jare onder militêre bewind 1915 - 1918

Op 9 Julie 1915 is oor die oorgawe van die gebied Duits-Suidwes-Afrika op Khorab beslis en is daar krygswet geproklameer, waarin bepaal is dat dit die begeerte van die Unieregering was om normale toestande in die Protektoraat te hervat 1). Die verdrag wat by oorgawe onderteken is, het o.a. bepaal dat staatsamptenare (onder wie ook onderwysers geressorteer het) in diens van die Keiserlike Regering of van die Regering van die Protektoraat 2) toegelaat sou word om by hulle woonplek te vertoef 3). Wat die Duitse skole betref, sou daar geen verandering intree nie tot tyd en wyl die Wêreldoorlog wat aan die gang was, beëindig sou wees.

Intussen/..... 2

---

1. Proklamasie no. 5 van 1915.
2. Die gebied Duits-Suidwes-Afrika is in Proklamasie no. 5 van 1915 Protektoraat genoem, maar in Proklamasie no. 7 van 1915 word dit die Protektoraat van Suidwes-Afrika genoem.
3. Tworeck: Stoffsammlung zu einer Geschichte von Südwestafrika und Südafrika, 10.

Intussen moes daar voorsiening gemaak word vir die onderwys van kinders wat uit die Unie van Suid-Afrika afkomstig was of wat reeds voor die besetting in die Duitse gebied gewoon het. Daar het gevolglik twee skoolstelsels, naamlik 'n Duitse en 'n Suid-Afrikaanse, naas mekaar bestaan.

a. Onderwys vir Duitse kinders

Na die wapenstilstand is die Duitse onderwysers deur die besettingsmagte toegelaat om na hulle betrekkings terug te keer, en die skoolwerksaamhede kon weer voortgesit word. Die bestaande skole is tydelik onder die toesig van die Duitse kommissaris Kastle gelaat [1].

Aangesien die Duitse wette, wat nie deur proklamasies onder krygswet vervang is nie, nog van krag was en aangewend kon word [2], kan aanvaar word dat die wetgewing wat die onderwysbeleid in die eertydse Duitse kolonie bepaal het, nog vir die gees en rigting van die onderwys in die Duitse skole gegeld het.

Alhoewel Seitz beweer: „Wir haben die deutschen Schulen waehrend die Okkupationzeit nicht nur erhalten, sondern dem Anwachsen der Zahl der schulpflichtigen Kinder entsprechend ausgebaut" [3], val dit te betwyfel of daar 'n noemenswaardige uitbreiding van die skoolstelsel kon gewees het. Nie alleen was daar 'n gebrek aan geld nie, maar ook 'n tekort aan onderwysers, omdat hul getal nie uit Duitsland aangevul kon word nie [4]. Wat die



1. Jubileumblad van die Orban-Primêre Skool 1912 - 1962, 10.
2. Der Kriegsbote, 23.1.1917. Tydens 'n epidemie van masels is kragtens 'n „Verordnung des Gouverneurs vom 27 Mai 1913" sekere opdragte gegee, nl.:
   1. Alle gevalle van masels moes onmiddellik huis toe gaan;
   2. almal onder ses jaar wat die siekte nog nie gehad het nie, moes huis toe gaan;
   3. niemand mag na skool terugkeer voordat die geneesheer die kwarantyn opgehef het nie.
3. Seitz: Südwestafrika im Weltkriege, 50.
4. Lemmer: Onderwys in Suidwes-Afrika, 130.

werklike omvang van die onderwysfasiliteite was, kan nie afdoende vasgestel word nie, maar uit sporadiese berigte [1] blyk dit dat in die meeste dorpe waar voor 1915 skole bestaan het, behalwe in die Suide [2], voortgegaan is met die onderwys so goed as wat onder omstandighede moontlik was.

Die beginsel dat ouers skoolgeld moes betaal, is met goedkeuring van die besettingsowerheid weer van die begin van 1917 af ingevoer [3]. Dit blyk dat 'n sekere mate van beheer oor die skoolbesoek van leerlinge bly voortbestaan het, want ouers is gevra om by inskrywing van leerlinge sowel geboortesertifikate as oorplasingskaarte voor te lê [4]. Verder is die ouers se aandag daarop gevestig dat alle kinders wat aan die begin van die kalenderjaar ses jaar oud was, skoolpligtig was [5].

b. Onderwys vir kinders van Unieburgers

Gedurende die tweede helfte van 1915 het die gesinne van staatsamptenare, spoorwegpersoneel, militêre offisiere en manskappe na die gebied verhuis en

die getal/ ... 4

---

1. Der Kriegsbote, 7.10.1916. Datums vir die Kersvakansie vir alle Duitse skole aangekondig - 15.12.1916 tot 1.2.1917.

   Id., 1.2.1917. Die höhere Töchterschule in Windhoek heropen op 5.2.1917.

   Id., 7.6.1917. Die Realschule, die Bürgerschule in Windhoek en Klein Windhoek en die Höhere Töchterschule heropen Maandag, 18 Junie 1917 na die wintervakansie.

   Id., 2.1.1918. Die Deutsche Schule, Tsumeb, het op 17.2.1917 'n swemkompetisie gehou.

   Uit 'n verskeidenheid koerantberigte is vasgestel dat daar ook skole te Keetmanshoop, Swakopmund, Otjiwarongo, Omaruru, Lüderitzbucht en Otavi bestaan het.

2. Lemmer: a.w., 130. Die skole in die Suide, o.a. te Maltahöhe, Klipdam, Kub en Warmbad, wat oorwegend deur Afrikanerkinders besoek is, is gesluit.

3. Der Kriegsbote, 7.12.1916.

4. Id., 7.10.1916.

5. Id., 16.1.1918.

   Memorandum on the country known as German South-West Africa, 44.

   Artikel 1 van Ordonnansie 1906, wat leerplig in Duitse skole neerlê, bepaal dat 'n kind wat tussen 1 April en 31 Maart ses jaar oud word, die skool van die begin van die jaar af moet bywoon.

die getal Unieburgers in die gebied aangevul sodat die voorsiening en uitbreiding van onderwysfasiliteite noodsaaklik geword het.

Om die besettingsowerheid met die ontwikkeling van 'n onderwysstelsel behulpsaam te wees is mnr. J.G.R. Lewis as organiserende inspekteur van onderwys aangestel. Hy het onmiddellik begin om 'n stelsel, geskoei op die lees van dié in Kaapland, op te bou [1].

Die eerste skool vir kinders van Unieburgers is in November 1915 in 'n kamer van die landdroskantoor in Windhoek geopen [2]. Gedurende 1916 is die gebou van die Duitse Realschule in Leutweinstrasse oorgeneem en as regeringskool ingerig [3].

Hierdie skool het met een onderwyseres en 30 leerlinge begin, maar heel gou is skole oor die hele gebied opgerig sodat daar aan die einde van 1918 23 skole met 'n inskrywing van 704 leerlinge was. Van hierdie leerlinge was 120 in 6 koshuise gehuisves. Sestien onderwysers, 29 onderwyseresse en 6 matrones het die onderwys, opvoeding en versorging behartig [4].

Alhoewel daar geen wetgewing was nie, is ouers versoek om by inskrywing van hulle kinders die geboortesertifikate en oorplasingskaarte voor te lê [5]. Verder is ook verwag dat kinders wat op 1 Januarie van 'n betrokke jaar ses jaar oud was, 'n skool moes besoek [6].

3. Die laaste jare onder militêre bewind 1919 - 1920

Die Vredesverdrag van Versailles, wat op 28 Junie 1919 onderteken is, het aanleiding daartoe gegee dat die Vredesverdrag en die Zuid West Afrika Mandaat Wet, 1919 (No. 49 van 1919) tydens 'n spesiale sitting van die Unieparlement goedgekeur is. Hierdie wet sou aan die toekoms van die gewese Duitse kolonie 'n nuwe beslag gee. Volgens die mandaat vir Suidwes-Afrika word bepaal: „the Mandatory shall have full power of administration and legislation over the territory subject to/....... 5

1. Lemmer: a.w., 157.
2. High School Magazine, No. 1,1.
3. Der Kriegsbote, 2.1.1917.
4. Rapport van de Administrateur voor het jaar 1918, 20.
5. Der Weltkrieg, 9.10.1916.
6. Der Kriegsbote, 16.1.1918.

ject to the present Mandate as an integral portion of the Union of South Africa, and may apply the laws of the Union of South Africa to the territory subject to such local modifications as circumstances may require" [1].

Ingevolge Artikel 2 van Wet no. 49 van 1919 kon die Goewerneur-generaal te eniger tyd by wyse van proklamasie

„(a) de in genoemde grondgebied geldende wetten alsmede de proklamaties die afgekondigd zijn of mochten worden tijdens de militaire bezetting daarvan herroepen, verandert, amanderen of wijziging;

(b) nieuwe wetten maken van toepassing op genoemd grondgebied;

(c) zijn gezag te dien aanzien overdragen op zodanige ambtenaar in genoemd grondgebied als hij mocht aanwijzen om te handelen volgens zijn voorschriften" 2).

Alhoewel die oorlog reeds teen die middel van 1919 beëindig was, is krygswet eers met ingang 1 Januarie 1921 herroep [3]. Dit sou egter nie verhinder dat aangeleenthede in verband met die landsbestuur in ꞌn bepaalde rigting kon ontwikkel nie, en „werd het mogelik een aanvang te maken met wetgewing voor zijn toekomstige ontwikkeling en regering" [4].

Soos op ander terreine is daar ook op die gebied van die onderwys aan die opstel van geskikte wetgewing gedink en sou daar ook aandag gegee moes word aan die Duitse onderwysstelsel, wat tot dusver ongehinderd afsonderlik voortbestaan het.

a. Die Duitse onderwysstelsel by ꞌn keerpunt

(1) Repatriasie en ekonomiese druk

Die repatriasie van ongeveer die helfte van die Duitse bevolking in 1919 het die Duitse element



---

1. Die wette van Suidwes-Afrika 1915-1922, 3. Artikel 2 van die „Mandate for German South-West Africa".
2. Id., 5.
3. Id., 8. Proklamasie no. 1 van 1921.
4. Rapport van de Administrateur voor het jaar 1920, 1.

aansienlik verswak [1]. Inflasie in Duitsland na die vrede en die devaluasie [2] van die Duitse mark het die plaaslike Duitse bevolking aansienlike geldverliese laat ly en 'n ernstige bedreiging vir die voortbestaan van die Duitse skole, wat algeheel van private inisiatief en geld uit Duitsland afhanklik was, geword.

Die besondere ekonomiese druk waaronder die Duitse skole verkeer het, en die voorsiening van vry onderwys in regeringskole het die owerheid die hoop laat koester dat die Duitse bevolking van die staat se fasiliteite gebruik sou maak. Die Duitse skole wat regeringskole wou word, sou op gelyke voet met laasgenoemde skole behandel word vir sover dit skoolgeld, uitrusting en toelaes vir huisvesting en voedsel betref.

In die Duitse staatskole sou die voertaal gedurende die eerste vier skooljare Duits wees. Met ingang van 1920 sou een les per dag in standerd I òf in Engels òf Hollands na gelang van ouerkeuse, gegee word. Die beleid sou oor vier jaar tot by standerd IV uitgebrei word. In 1924 sou die taal wat die ouers gekies het, die voertaal in standerd V word, totdat die medium van onderrig in 1927 in alle hoër standerds net die gekose taal sou wees. In die standerds waar die voertaal 'n ander taal as Duits was, sou onderrig in Duits as taal vir minstens een les per dag deur bevoegde onderwysers gegee word [3].

Administrateur Gorges [4] het die bostaande reëling

beskou as/ ... 7

---

1. Rapport van de Administrateur voor het jaar 1920, 4. 6,374 persone, onder wie 3,695 mans, 1,039 vrouens en 1,640 kinders, is gerepatrieer.

   Vedder: Einführung in die Geschichte Südwestafrikas, 95.

2. Id., 15. Duitse papiergeld is deur die plaaslike owerheid teen die volgende koers gewissel:
   28.11.18 - 38 mark per £1
   5.4.19 - 50 mark per £1
   25.6.19 - 67 mark per £1
   22.9.19 - 100 mark per £1

3. Rapport van de Administrateur voor het jaar 1919, 7.

4. Martial law in the Protectorate of South West Africa, 32. Op 13 Oktober 1915 is sir E.H.L. Gorges aangestel as eerste administrateur „to take all such measures and by Proclamation to make such laws and enforce the same as he might deem necessary for the peace, order and good Government of the Protectorate" .

beskou as in „opmerkelike tegenstelling met de gestrenge en onsimpatieke behandeling van emigranten van uit de Unie naar dit land en van oorspronkelike Afrikaner settelaars onder het voormalig Goevernement". Die optrede van die Duitse bewind waarna verwys word, het behels dat die Duitse taal die enigste voertaal in elke standerd van iedere skool sou wees en dat enige Afrikaner wat hom in die Protektoraat wou kom vestig, nog voordat hy enige grond in besit kon neem, 'n verklaring moes onderteken dat hy bereid sou wees om sy kinders as Duitsers op te voed [1].

(2) <u>Eerste stappe tot oorname</u>

Gedurende Desember 1919 het die Organiserende Skoolinspekteur in 'n onderhoud met prof. A.Gries, Hoof van die Keiserlike Realschule in Windhoek, die toekomsplanne van die Mandaatregering met betrekking tot die Duitse skole uiteengesit. Op 1 April 1920 sou alle Duitse skole en koshuise deur die Regering oorgeneem en die geboue staatseiendom word; alle onderwysers wat voorheen in regeringsdiens was, sou gerepatrieer word, maar diegene wat nie staatsamptenare was nie, kon kies of hulle in die onderwysdiens wou aanbly; plaasvervangers vir die uittredende onderwysers sou nie uit Duitsland kom nie maar in die Unie of Suidwes-Afrika gewerf word; om 'n onderbreking in onderrig te voorkom sou reëlings om plaasvervangers te vind betyds getref word; onderwysers sou ooreenkomstig die Transvaalse salarisskale besoldig word, 'n gebiedstoelae ontvang en na elke vyf jaar diens vakansieverlof, wat ook in Duitsland deurgebring kon word, toegestaan word; die koshuispersoneel sou ook op dieselfde datum oorgeneem word. Dit het die bevolking vrygestaan om op plase of verafgeleë plekke Duitse privaatskole, waarmee die owerheid hom nie sou bemoei en waarvoor ook geen ondersteuning gegee sou word nie, te stig; ouers kon kinders vir hulle skoolopleiding na Duitsland stuur; by koshuise wat oorgeneem word, sou die personeel Duitssprekend wees.

Bogenoemde/...... 8

---

1. Rapport van de Administrateur voor het jaar 1919, 8.

Bogenoemde reëlings was in ooreenstemming met voorstelle wat deur die Administrateur van Suidwes-Afrika en die Eerste Minister van die Unie aanvaar is [1].

(3) <u>Reaksie teen die voorgestelde oorname</u>

Die verklaarde toekomsbeleid was vir die Duitse bevolking heeltemal onaanneemlik, en die eerste reaksie het plaasgevind op die jaarvergadering van die Windhoekse Schulverein, waar besluit is dat die vereniging sou voortbestaan met die oog op die instandhouding van privaatskole. Verder is oorweging geskenk aan die stigting van 'n „Zentralverband der deutschen Schulvereine" om die onderwysbelange van die Duitse kind te behartig [2].

Op 14.1.1920 het 'n vergadering van verteenwoordigers van alle Schulvereine in Suidwes-Afrika plaasgevind en die volgende eenparige besluite is geneem:

1. Die Schulvereine moes bly voortbestaan.
2. 'n „Landesverband der deutschen Schulvereine" moes gestig word.
3. Daar moes protes by die owerheid aangeteken word teen die voorgestelde omskepping van Duitse skole tot Engels-Hollandse skole oor 'n periode van vier jaar, met Duits as vreemde taal.
4. Indien die protes nie slaag nie, sou private volkskole oral, tot op die kleinste plekkie, gestig word.
5. Die owerheid moes versoek word om die „Landesverband der deutschen Schulvereine" (hierna genoem Landesverband) as mondstuk van die ouers van Duitse kinders in Suidwes-Afrika te erken.

Geld was beskikbaar om privaatskole ses maande lank in stand te hou, en daar sou onmiddellik met 'n veldtog te lande en in Duitsland begin word met die oog op 'n fondsinsameling. Die vergadering was „vom festen Willen beseelt, bei aller Loyalität gegen die neue Regierung, unsere Jugend ihrem Deutschtum unter

allen/......... 9

---

1. Landes Zeitung, 6.1.1920.

. Id., 1.4.1920 Op vrae in die Unieparlement het die Eerste Minister, genl. J.C. Smuts, bevestig dat onderwysers wat staatsamptenare was, aangesê is om terug na Duitsland te gaan en dat dit die voorneme was om die skole oor te neem.

2. Id., 10.1.1920.

allen Umständen zu erhalten und in der Erreichung dieses Zieles sich durch nichts irre machen zu lassen" [1].

Die Landesverband het dadelik 'n lang protesskrif teen die Gorgesvoorstelle opgestel. In hoofsaak is verklaar dat die onderwyspolitiek van die owerheid daarop gemik was om die Duitse kind van sy volkseie te vervreem deur hom moedertaalonderwys te ontneem en die onderwysers met hulle Duitse agtergrond en tradisie deur onderwysers uit die Unie te vervang. As eise is gestel dat die voertaal in alle klasse Duits moes wees, uitgesonderd die onderrig van Hollands en Engels self; uittredende onderwysers moes deur onderwysers uit Duitsland vervang word tot tyd en wyl Suid-Afrika in die behoefte aan behoorlike opleiding van Duitse onderwysers kon voorsien; die onderrig van Hollands en Engels moes na die aanvang van die vierde skooljaar, maar op sy vroegste tot die begin van die derde skooljaar, verskuif word.

Die Landesverband het beklemtoon dat hulle nie teen die oorname van die Duitse skole was nie, ook nie teen die invoer van Engels en Hollands as skoolvakke nie, en dat hulle eise geen politieke motiewe het nie maar dat hulle moedertaalonderwys slegs wou behou om die Duitse volkseie vir die kind te verseker [2].

Hierdie protesskrif is onder andere ook aan die Eerste Minister van die Unie en ander Volksraadslede gestuur, en die vertoë het aanleiding daartoe gegee dat die aangeleentheid in die Unieparlement ter sprake was. Lede van die Nasionale Party het besware teen die beoogde maatreëls geopper [3].

Op 'n navraag van die Landesverband, gedateer 27 Maart 1920, het die Organiserende Skoolinspekteur geantwoord dat die oorname nie voor 30 Junie 1920, of selfs later, sou plaasvind nie, en die repatriasie van nege Duitse onderwysers is opgehef. Die uitstel van die oorname sou nie beteken dat die staat nie die Duitse skoolgeboue sou oorneem nie indien hulle vir

onderwys-/....... 10

---

1. Landes Zeitung, 15.1.1920.
2. Id., 20.1.1920.
3. Id., 1.4.1920, 28.6.1920.

onderwysdoeleindes benodig word [1].

Intussen het die Landesverband met doelgerigtheid voortgegaan om die Duitse skole as privaatskole te organiseer en uit te bou. Salarisskale vir onderwysers is vasgestel, die skoolkalender vir 'n drietermynskooljaar is opgestel [2], skoolgeld is deur die indiwiduele Schulvereine bepaal [3] en alles is aangewend om die nodige akkommodasie te vind [4].

### (4) Onderhandeling met die owerheid en die gevolge daarvan

Nadat dit bekend geword het dat generaal Smuts Suidwes-Afrika sou besoek, het die Landesverband in 'n brief aan hom hulle standpunt gestel. Hulle het versoek dat die suiwer Duitse karakter van hulle skole bewaar moes word; moedertaalonderrig moes gegee word deur onderwysers wat 'n deeglike opleiding aan Duitse inrigtings gehad het; skool- en koshuisgeboue wat deur hulle benodig word, moes deur die Regering beskikbaar gestel en omvattende finansiële steun aan hulle skole gegee word [5].

Onmiddellik na die aankoms van die Eerste Minister van die Unie en mnr. G.R. Hofmeyr [6] in September 1920 het die Landesverband 'n onderhoud met eersgenoemde gehad en die wense van die Duitse ouers aan hom voorgelê. By hierdie geleentheid en ook op 'n openbare vergadering die volgende dag het generaal Smuts beklemtoon dat dit nie die plan van die Mandaatregering was om die Duitse

taal te/ ... 11

1. Landes Zeitung, 13.4.1920.
2. Id., 22.5.1920. Vergadering van die Landesverband te Omaruru. Salarisse van onderwysers:

| | | |
|---|---|---|
| Getroude onderwysers: | opgelei £35; | onopgelei £27. |
| Ongetroude onderwysers: | opgelei £32; | onopgelei £24. |
| Onderwyseresse: | opgelei £27; | onopgelei £10. |

3. Id., 1.7.1920, 5.7.1920, 12.8.1920. Die Schulverein, Otavi, wat 21 lede gehad het, sou elk maandeliks 5 mark aan die Landesverband stuur om arm Schulvereine en behoeftige ouers te help.
4. Id., 8.5.1920, 18.5.1920. Voorstelle oorweeg om die Realschule na Swakopmund te verskuif met die oog op beter akkommodasie.
5. Id., 4.9.1920. Brief gedateer 28.8.1920 gepubliseer.
6. Rapport van de Administrateur voor het jaar 1920, 1. Mnr. Hofmeyr het sir H. Gorges op 1 Oktober 1920 opgevolg as administrateur.

taal te onderdruk en gevolglik sou toestemming verleen word dat dit tot en met standerd VI die voertaal kon wees. In standerd I of II sou 'n aanvang gemaak word met die onderrig van één van die Unietale, wat dan die onderwysmedium in die sekondêre klasse sou word, terwyl in hierdie klasse Duits as vreemde taal aangebied kon word. Daar sou ook geen beswaar teen die aanstelling van onderwysers uit Duitsland wees nie. Die Eerste Minister het ook daarop gewys dat dit in belang van die Duitse kind sou wees om in dieselfde skoolstelsel ingesluit te word, en daarom kon twee aparte skoolstelsels nie goedgekeur word nie. Dit word as die plig van die Staat beskou om vir die onderwys van die kind te betaal, en 'n beroep om samewerking is op die hele bevolking gedoen [1].

Die nuwe Administrateur, mnr. G.R. Hofmeyr, sou die verdere besonderhede van die beleid uitwerk en dit toepas. Hy het trouens pas na sy bewindaanvaarding sy „tienpuntbeleid" [2] opgestel en by alle moontlike

geleenthede/.... 12

1. Landes Zeitung, 16.9.1920.
2. Rapport van de Administrateur voor het jaar 1920, 15. Tien punte:

(i) Moedertaal tot en met standerd ses;

(ii) in standerds bo standerd ses word Duits as taal vir een periode per dag deur medium Duits onderrig;

(iii) Engels of Hollands of albei sal nie later as standerd twee ingevoer word nie;

(iv) vanaf standerd sewe sal die voertaal die tweede taal, soos deur die ouer gekies, wees.

(v) alle bevoegde onderwysers tans in die diens van die Landesverband wat onderrig gee tot standerd ses, en alle onderwysers wat vir sekondêre onderrig benodig word, sal deur die administrasie oorgeneem word;

(vi) die onderwysers sal besoldig word soos onderwysers in regeringskole;

(vii) die onderwysers sal wat verlof, pensioen en ander voordele betref, soos onderwysers in regeringskole behandel word;

(viii) by die vasstelling van die salaris sal vorige onafgebroke diens in die Gebied in aanmerking geneem word;

(ix) in groter sentra waar die omstandighede dit toelaat, en met inagneming van doeltreffendheid en besuiniging, sal die kinders vir die huidige toegelaat word om in aparte skoolgeboue en koshuise te bly;

(x) die administrasie sal al die koste in verband met die onderwys dra.

geleenthede, op openbare vergaderings en in private onderhoude, die voorgestelde beleid verduidelik en verdedig. Hy het beklemtoon dat die voorwaardes vir samesmelting van die twee skoolstelsels sodanig was dat dit gelyke geleenthede en volkome regverdigheid vir die Duitse kind verseker het; dat daar geen dwang uitgeoefen sou word nie, maar indien daar met 'n aparte stelsel volhard sou word, geen finansiële steun deur die Regering verleen sou word nie [1].

Wat die primêre onderwys betref, het die veranderde beleid van generaal Smuts 'n oorwinning vir die Landesverband beteken. Slegs ten opsigte van moedertaalonderwys in die na-primêre standerds is nie toegegee nie.

Na hierdie sukses was daar 'n duidelike verandering in die houding van die Duitse volk te bespeur. Waar hulle eers gewillig was om onder sekere voorwaardes tot die regeringskoolstelsel toe te tree, wou hulle nou niks anders as die behoud van hulle eie stelsel hê nie. Daar is aangevoer dat 'n drie- of vierjarige studie onvoldoende was om 'n vreemde taal as voertaal in die sekondêre klasse te gebruik, en dat werklike opvoeding slegs deur middel van die moedertaal moontlik was. Verder is beweer dat die Uniestelsel, veral wat die sekondêre onderwys betref, op 'n laer peil as die Duitse gestaan het, en daarom was dit noodsaaklik dat 'n Duitse leerling sy hoërskoolonderrig aan 'n Duitse hoërskool moes ontvang. Daar is ook aangevoer dat die Duitse leerling maklik sy matrikulasie-eksamen kon aanvul, waardeur hy ewe goeie geleentheid sou hê om betrekkings in die Unie en Suidwes-Afrika te beklee [2].

Dit blyk duidelik dat die jaar 1920 'n stormagtige jaar op die onderwysterrein in Suidwes-Afrika was. Die verskillende fases van die stryd is breedvoerig behandel omdat die gebeure rigtinggewend was ten opsigte van toekomsverwagtinge en -beleid. Omdat daar reeds aan die opstel van onderwyswetgewing gedink moes word om aan die onderwys koers te gee en ook gesag in die hande van die owerheid te plaas, het die

gedagtes/....... 13

1. Rapport van de Administrateur voor het jaar 1920, 15.
2. Lemmer: a.w., 134.

gedagtes wat uit die kort periode van „Sturm und Drang" uitgekristalliseer het, aan die toekomstige wetgewing, vir sover dit die onderwys van Duitse kinders geraak het, gestalte gegee.

b. Die stand van onderwys in regeringskole

Gedurende 1919 het die getal skole onveranderd gebly, maar die inskrywing by die Windhoekse regeringskool het tot 300 gestyg.

Albei amptelike tale van die Unie is in regeringskole onderrig en in dertien van die drie-en-twintig skole was die Hollandse taal die vernaamste voertaal. Die skole van Windhoek en Keetmanshoop, die enigste twee met klasse bokant die sesde standerd, was parallelmediumskole. By eersgenoemde skool was daar kandidate wat vir die „Matrikulatie en Lagere Sertifikaat Eksamens" van die Universiteit van Suid-Afrika ingeskryf het. Te Keetmanshoop sou die eerste groep aan die einde van 1920 vir die „Lagere Sertifikaat Eksamen" inskrywe [1].

Dit blyk dat daar uit die staanspoor sekere probleme opgeduik het wat die uitbreiding van die onderwys gestrem het. Die Administrateur meld in sy rapport dat drie afgeleë skole gesluit moes word omdat dit onmoontlik was om die skoolbesoek van die leerlinge te verseker waar onderwys nie verpligtend was nie. Veral in Windhoek is groot moeilikheid ondervind om akkommodasie aan die steeds toenemende getal leerlinge te verskaf. Die toevoer van opgeleide onderwysers was aanvanklik onvoldoende [2], maar die invoering van salarisskale van toepassing in die Unie, het rekrutering vergemaklik [3].

In sy eerste jaarverslag spreek administrateur Hofmeyr reeds die gedagte uit dat in ŉ dunbevolkte land met sulke groot afstande soos Suidwes-Afrika, die onderwysfasiliteite sover moontlik in sekere sentra gesentraliseer behoort te word. Dit sou nie alleen be-

suiniging/....... 14

1. Rapport van de Administrateur voor het jaar 1919, 7.
2. Id.
3. Rapport van de Administrateur voor het jaar 1920, 15.

suiniging in die hand werk nie maar terselfdertyd ook aan leerlinge die geleentheid bied om met mekaar in aanraking te kom [1].

4. Samevatting

Weens die onsekerheid oor die uitslag van die Wêreldoorlog, wat aanleiding gegee het tot die besetting van Duits-Suidwes-Afrika, is die Duitse skoolstelsel toegelaat om ongehinderd voort te gaan, terwyl daar noodgedwonge en grootliks as 'n tydelike maatreël vir die onderwys van kinders van Unieburgers voorsiening gemaak is. Na die Vrede van Versailles en die aanstelling van Suid-Afrika as mandataris oor Suidwes-Afrika is die eerste positiewe stappe gedoen om die gebied op staatkundige, insluitende onderwysgebied, behoorlik te administreer.

Wat die onderwys betref, sou die kwessie van die voortbestaan van 'n tweeledige onderwysstelsel ernstige aandag geniet. Terwyl die eerste stappe op 'n poging tot algehele inlywing van die Duitse stelsel gedui het, was dit nie vreemd nie dat die Duitse bevolking 'n verbete stryd sou aanknoop vir die behoud van die volkseie kultuur en, as belangrike instrument vir sy behoud, van die Duitse taal. Ten opsigte van primêre onderwys het die Duitse bevolkingsgroep 'n groot oorwinning behaal, wat aan die toekomstige onderwyspatroon 'n bepaalde beslag gegee het.

Alhoewel daar onder krygswet 'n groot **getal** proklamasies met die oog op die veiligheid en beskerming van die land en sy bevolking uitgevaardig is, is daar deur wetgewing niks ten opsigte van die onderwys gedoen nie. Die aanstelling van 'n organiserende skoolinspekteur uit die Unie sou verseker dat die onderwysbeleid min of meer dieselfde as dié van die land van sy herkoms en meer bepaald dié van die Kaapse Onderwysdepartement sou wees.

H O O F S T U K/.. 15

---

1. Rapport van de Administrateur voor het jaar 1920, 15.